Sanlam

# Die Waarde van Advies

Meeste mense vind dit alreeds moeilik om hulle begrotings te laat klop en by te bly met die terugbetaling van skuld, wat nog te sê van beplan vir ŉ onvoorspelbare toekoms. Selfs vir diegene wat die moeite doen om ŉ finansiële plan op te stel, maak die magdom finansiële oplossings in die mark dit baie moeilik om te bepaal hoe om hulle finansiële doelwitte so doeltreffend moontlik te bereik.

Finansiële adviseurs speel ŉ kritiese rol om jou leiding te gee en te help om – deur gedissiplineerd te spaar – finansieel onafhanklik in aftrede te wees. Hulle kan ook help met begrotings, bestuur van skuld, spaar vir onvoorsiene gebeurtenisse, beskerming van bates en om jou afhanklikes se finansiële sekuriteit te verseker in die geval van sterfte, ongeskiktheid of ŉ ongeluk. In kort, gepaste finansiële advies help jou nie net om jou eie lewensgehalte te verbeter nie, maar ook die van jou familie.

**Wat is holistiese finansiële advies?**

Finansiële beplanning deur ŉ professionele finansiële adviseur verskaf ŉ holistiese oorsig van jou finansiële situasie. ŉ Goeie finansiële adviseur sal jou help om gefokusde besluite te neem en jou raad gee oor die doeltreffendste manier om jou finansiële doelwitte te bereik, gegewe die druk wat stygende kostes op jou finansies mag hê.

Holistiese finansiële advies neem die interafhanklikheid van al die elemente van jou finansiële omstandighede in ag. Om suksesvol vir aftrede te spaar of jou risiko-dekking in moeilike tye te behou, moet jy ook jou skuld en onmiddellike behoeftes effektief bestuur.

Baie mense raadpleeg ŉ finansiële adviseur vir beleggings- of aftreeadvies, maar sonder ŉ holistiese finansiële plan loop hulle die risiko om belangrike finansiële doelwitte agterweë te laat. Die meeste mense kan nie bekostig om ter gelyk al hulle finansiële behoeftes volledig aan te spreek nie en moet verskillende behoeftes teen mekaar afspeel. ŉ Belangrike deel van ŉ holistiese finansiële plan is om die regte balans te vind.

Holistiese finansiële advies kan jou ook help om die emosie uit jou besluite te haal en inherente gedragsvooroordele te oorkom, soos die sogenaamde “dit sal nie met my gebeur nie” of optimisme vooroordeel óf die geneigdheid om na verskillende behoeftes in isolasie te kyk. Die optimisme vooroordeel is een van die redes waarom baie mense nie voldoende gedek is teen onvoorsiene gebeure wat ŉ negatiewe impak op hulle finansies mag hê nie.

Jou holistiese finansiële plan moet risiko-dekking insluit om jou en jou familie se huidige en toekomstige leefstyl te beskerm. Jou plan moet ook aftreebeplanning insluit om te verseker dat jy en jou familie later by jou harde werk baat. Jou finansiële adviseur sal nie net areas identifiseer wat aangespreek moet word nie, maar jou ook wys waar elke stukkie in jou totale legkaart inpas.

Sodra jou finansiële adviseur al jou finansiële behoeftes en doelwitte verstaan, is die volgende stap om die mees geskikte finansiële oplossing te identifiseer, jou te help om dit te implementeer en om dit oor tyd aan te pas soos jou omstandighede verander.

**Hoekom moet ek finansiële advies by ŉ kenner kry?**

Soos met mediese- of regsadvies, is dit raadsaam om finansiële advies by ŉ gekwalifiseerde professionele adviseur te kry. Finansiële adviseurs analiseer nie net jou finansiële behoeftes en doelwitte om te bepaal hoeveel jy moet spaar en hoeveel dekking jy nodig het nie, maar bied ook kundige advies oor gepaste finansiële oplossings om jou te help om jou doelwitte te bereik.

Jou finansiële adviseur kan jou help met:

- Vergelykings van die belastingvoordele en implikasies van verskillende oplossings;
- Kombinasies van verskillende risiko- en beleggingsoplossings om jou behoeftes so effektief moontlik aan te spreek;
- Gepaste beleggingstrategieë en portefeuljes wat jou behoeftes en doelwitte, sowel as jou aptyt vir finansiële risiko, in ag neem;
- Die keuse van ŉ geskikte inkomstestrategie by aftrede, met oorweging van die verskillende inkomste opsies wat beskikbaar is – dit is een van die belangrikste finansiële besluite wat jy ooit oor jou finansiële sekuriteit gaan neem;
- Die hersiening van jou inkomste en bestuur van jou beleggings na aftrede.

**Navorsing steun die waarde van finansiële beplanning**

ŉ Holistiese finansiële plan help kliënte om goed ingeligte besluite te neem en meer gerus oor hulle finansies te wees:

- Volgens ŉ 2014 opname deur die *Insured Retirement Institute (IRI)* oor die verwagtinge en gereedheid vir aftrede van die 'Baby Boomer'-generasie, is 'Baby Boomers' met finansiële adviseurs twee keer meer geneig om vertroue in hulle aftreevoorsiening te hê as diegene sonder ŉ adviseur.

- "Econometric Models on the Value of Advice of a Financial Advisor", ŉ studie deur die *Centre for Interuniversity Research and Analysis on Organizations (CIRANO)* oor die impak van advies, het bevind dat mense met finansiële adviseurs beter besparingsgedrag toon en meer bates akkumuleer, selfs na voorsiening vir ander veranderlikes gemaak is. Hulle maak ook meer gebruik van beleggings met belastingvoordele, het beter bate-toedelings en het meer diversifikasie in hulle portefeuljes.

- In ŉ 2011 Internasionale HSBC studie, "The Future of Retirement," het mense met finansiële planne byna 250% meer aftreevoorsiening gehad as diegene sonder ŉ finansiële plan. Daarbenewens spaar byna 44% van die met ŉ finansiële plan elke jaar meer ten opsigte van hulle aftrede.

**Waar kry ek gepaste advies?**

Vind ŉ geregistreerde finansiële adviseur wat spesialiseer in holistiese finansiële beplanning. Voer onderhoude met ŉ paar verskillende adviseurs totdat jy een kry met wie jy aanklank vind.

Advies is nie gratis nie en finansiële adviseurs, soos ander professionele persone, moet hul besigheidsuitgawes dek en ŉ bestaan maak uit die diens wat hulle lewer. Bespreek die verskillende vergoedingsopsies vir advies met jou adviseur. Dit kan kommissies of fooie op geïmplementeerde oplossings, aanvanklike beplanningsfooie of deurlopende adviesfooie insluit. Jy het die volste reg om met jou adviseur te onderhandel oor gepaste vergoedingvir advies en ander dienste.

Junie 2017